

JY EN JOU REGTE

Toelaag-in-hulp

Jy kan om 'n Toelaag-in-hulp aansoek doen indien jy 'n ongeskiktheid het, wat beteken jy benodig **gereelde versorging deur 'n ander persoon**.

Om hierdie toelaag te kry moet jy OF 'n **Ongeskiktheidstoelaag** ontvang OF 'n **Ouer Persoon** se toelaag OF 'n **Oorlogsveteraantoelaag**. Jy kan dit nie sommer net ontvang nie.

Vanaf 1 Oktober 2019 is hierdie toelaag **R430** per maand.

Jy kan by jou naaste SASSA-kantoor vir hierdie toelaag aansoek doen :

- Dieselfde tyd wanneer jy aansoek doen om 'n toelaag waaraan dit gekoppel is ; of
- Wanneer jy begin om gereelde versorging deur 'n ander persoon te benodig.

Jy betaal niks om aansoek te doen nie.

Jy moet **bewys van jou ongeskiktheid** saamneem – sowel as dokumente soos jou ID en bewys van jou huwelikstatus. Maar indien jy nie hierdie dokumente het nie KAN jy steeds aansoek doen dmv alternatiewe identifikasie.

Indien jy nie self na die SASSA-kantore kan gaan nie, sal SASSA 'n besoek reël om jou huis te besoek om die aansoek te voltooi. Daarna kan jy 'n familielid of vriend kry om namens jou op te tree.

SASSA moet binne **drie maande** na die goedkeuring van jou toelaag begin om jou te betaal.

Indien jou toelaag goedgekeur is, mag jy om tydelike bystand aansoek doen, in die vorm van **Sosiale Verligting van Nood (SRD)** terwyl jy vir jou eerste betaling wag. Die SRD-geld sal dan van jou toelaag afgetrek word.

Elkeen het die reg tot toegang tot sosiale sekuriteit tov gepaste sosiale bystand , insluitend indien hul nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te versorg nie. Die staat moet redelike wetgewende –en ander maatreëls, wat binne hul beskikbare bronne is, in ag neem om die progressiewe realisering van elk van hierdie regte te bekom. – **Afdeling 27 van die Suid-Afrikaanse Grondwet**

Elkeen het die reg tot administratiewe aksie wat wettig, redelik en proseduraal regverdig is, en elkeen wie se regte nadelig deur die administratiewe aksie beïnvloed is het die reg tot geskrewe redes. – **Afdeling 33 van die Suid-Afrikaanse Grondwet**

WETLIKE ONTKENNING: Hoewel elke poging aangewend is om te verseker dat die inligting wat hier gepubliseer is, korrek is, aanvaar die Black Sash geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die vertrouwe of gebruik van hierdie inligting nie. Die inhoud konstitueer nie regsadvies nie. Hierdie feitestaat is laas in **October 2019** opdateer.

Vir enige navrae oor toelaes of om enige bedrog ivm sosiale toelaes te rapporteer, skakel die SASSA-hulplyn nommer:
0800 601 011

Indien jy arbeidsprobleme ondervind, kontak die **Black Sash HULPLYN GRATIS** vir parawetlike ondersteuning en advies.



072-66 33 739
help@blacksash.org.za

Toelaag in -hulp



B L A C K S A S H
MAKING HUMAN RIGHTS REAL